# Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

**25 Mei 2025**

## 1 Begin hier

Baie mense noem Suid-Afrika die "reënboognasie" – dalk het julle dit ook al gehoor. Die rede hiervoor is dat ons land, anders as baie ander lande, uit baie verskillende kultuur- en taalgroepe bestaan. Die term "reënboognasie" is die eerste keer gebruik deur Aartsbiskop Desmond Tutu om post-apartheid Suid-Afrika te beskryf na die eerste demokratiese verkiesing in 1994.

Hierdie week vier ons Hemelvaart - ons vier God se teenwoordigheid by sy kinders. Sy kinders is nie eenders nie, maar divers - soos 'n reënboog!

## 2 Lees

**Lukas 24:45-53**
**Joh 14:23-29**
**Hand 16:11-15**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play: Apple iStore:

## 3 Gesels

- Vertel vir mekaar weer die storie van Hemelvaart en Jesus se belofte (Luk 24 & Joh 14)
- In Handelinge word daar vertel van nie-Jode wat die Goeie Nuus ontvang. Hoe dink jy het hulle gevoel? Wat staan vir jou uit in die verhaal van Lidia (Hand 16)?
- Hoe kan jy die Goeie Nuus Van Jesus deel met iemand buite jou eie kultuur of kerk?

## 4 Bid

Teken 'n groot reënboog en skryf al die kultuurgroepe en tale van die mense wat in jou dorp woon daarin. Bid daarna vir hulle.

## 5 Doen

Besluit saam hoe julle Donderdag 29 Mei 2025 Hemelvaart gaan vier as gesin.

Hier is 'n paar idees:
https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-podcast-praktiese-idees-om-hemelvaart-te-vier/